STUDENT

1952

EXTERNAL DIVISION
EKSTERNE AFDELING

UNIVERSITY OF S.A.
UNIVERSITEIT VAN S.A.

Everybody's Favourite

NESTLÉ'S
Chocolates

STUDENT

1952

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA
DIVISION OF EXTERNAL STUDIES

TRANSVALIA BUILDINGS
CENTRAL STREET
PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
AFDELING EKSTERNE STUDIE

TRANSVALIA-GEBOU
SENTRAALSTRAAT
PRETORIA

Editor-in-Chief — Hoofredakteur
D. H. CILLIERS, M.A., M.Ed., D.Phil.

Co-editors — Mede-redakteurs
F. D. SINCLAIR, B.A. Hons.; J. A. VAN DER WALT, M.A.;
A. J. VORSTER, B.A.

Volume V, No. 6.

Jaargang V, Nr. 6.

EDITORIAL

WE are certainly progressing. The year 1952 has again been one for the University in which much of importance has happened.

On page sixty-one of last year's "Student", there appeared a photograph of the site of the new University-buildings. This year the photograph is of more than the site; and we hope that next year it will be of the completed structure. In the new building will be housed all the offices of the University, both of the teaching division and of the Registrar's staff; as well as a fine library. We look forward, after so many vicissitudes, to coming permanently to rest at last.

* * * *

The number of our students has grown, and is now more than three thousand: a happy indication of the regard in which the University of South Africa is held, even beyond the borders of the Union. The table below gives some idea of the relative increase in registrations during the past five years: 75.3% in the case of European students, 63.9% in the case of non-European students, with an average overall increase of 72.1%, or about 18% per year; surely a most satisfactory advance, and encouraging to students no less than to the University authorities.

Year	*European*	*Non-European*	*Total*
1948	1,257	494	1,751
1949	1,400	750	2,150
1950	1,496	754	2,250
1951	1,727	728	2,455
1952	2,204	810	3,014

The total numbers of examination entries in all subjects show also a remarkable increase:

REDAKSIONEEL

ONS vorder. Die jaar 1952 was ook vir ons Universiteit een van besondere betekenis.

Op bladsy 61 van verlede jaar se uitgawe het 'n foto verskyn van die standplaas van die nuwe gebou van die Universiteit van Suid-Afrika, verskuil agter die lomerryke jakarandabome in Skinnerstraat. Vanjaar kan ons reeds 'n foto plaas van die nuwe gebou soos hy nou nog lyk. As alles goed gaan, hoop ons om teen aanstaande jaar dié tyd sak en pak, d.w.s. die dosente sowel as die Registrateursafdeling, in ons eie Universiteitsgebou gehuisves te wees. Ons sien uit daarna.

* * * *

Ons studentetal groei geleidelik aan. Vanjaar het ons vir die eerste maal die 3,000-merk oorskry. Die volgende tabel toon die vermeerdering gedurende die afgelope vyf jaar.

Jaartal	*Blank*	*Nie-blank*	*Totaal*
1948	1,257	494	1,751
1949	1,400	750	2,150
1950	1,496	754	2,250
1951	1,727	728	2,455
1952	2,204	810	3,014

Dis 'n toename van 75.3% in die geval van die blankes en 63.9% by die nie-blankes, gemiddeld 72.1%, of ongeveer 18% per jaar, wat baie bevredigend is.

Die totale vakinskrywings toon die volgende verbetering:

Jaartal	*Blank*	*Nie-blank*	*Totaal*
1948	3,412	1,301	4,713
1949	3,847	1,917	5,764
1950	3,717	1,900	5,617
1951	4,187	1,867	6,054
1952	5,547	1,910	7,457

Year	*European*	*Non-European*	*Total*
1948	3,412	1,301	4,713
1949	3,847	1,917	5,764
1950	3,717	1,900	5,617
1951	4,187	1,867	6,054
1952	5,547	1,910	7,457

Post-graduate students are essentially those by which a university makes its reputation; and it is pleasant to note that the number of registrations for post-graduate courses, although always strong, is still growing. Most of those students are mature and, generally, well-qualified people who, for one reason or another, are unable to further their studies by full-time university work. The opportunities which the University of South Africa offers are specially suited to their circumstances; and as can be seen from the accompanying figures, these opportunities are made good use of.

Year	*European*	*Non-European*	*Total*
1948	88	11	99
1949	147	28	175
1950	182	29	211
1951	216	24	240
1952	235	43	278

* * * *

In the attendance at the July vacation schools there has also been, this year, another considerable increase. That these schools are a most necessary and important part of the University's work, is indicated in the following table, which shows the rise in attendance over the past five years.

Year	*European*	*Non-European*	*Total*
1948	76	84	160
1949	87	99	186
1950	104	108	212
1951	118	135	253
1952	140	154	294

* * * *

Students will be interested to learn that the University Council has decided, on the recommendation of the Senate, to institute, next year, by way of experiment, a system by which marks representing a record of work will be awarded to those students who attend the vacation schools. These marks will be decided by the results of a written examination based on roughly half of the year's syllabus in each subject, to be held during the July schools in Pretoria. Among others, this system will have the one particular advantage of obliging students to come to the schools better prepared than has always been the case; so ensuring that they derive from them much greater benefit.

* * * *

We most sincerely congratulate our Director, Professor A. J. H. van der Walt, on his election, this year, as Chairman of Senate. This election is an honour which he well deserves, as father of our institution; and the change is one which will contribute to the better organisation of the Division. We wish him happiness and all success in the years to come.

* * * *

For some months now, a commission under the chairmanship of Dr. Holloway has been enquiring into conditions in South African Universities; and it is hoped that the findings of the commission will result in an improvement in the salaries of lecturers here, which compare unfavourably with those of lecturers

Besonder stof tot dankbaarheid gee ook die aantal nagraadse inskrywings. Die meeste van ons studente is gevorderde mense wat dit om verskillende redes nie kan bybring om weer terug universiteit-toe te gaan vir voortgesette studie nie. Ons inrigting bied hulle die gunstige geleentheid daartoe, en daar word gretig van gebruik gemaak soos die volgende tabel toon:

Jaartal	*Blank*	*Nie-blank*	*Totaal*
1948	88	11	99
1949	147	28	175
1950	182	29	211
1951	216	24	240
1952	235	43	278

* * * *

Die Universiteit van S.A. kon vanjaar ook sy eerste selfstandige gradeplegtigheid hou, 'n verslag waarvan elders in ons blad verskyn.

* * * *

Ook by die vakansieskole is daar 'n verblydende toename, sodat ons vanjaar reeds byna die 300-merk bereik het. Elders word daar meer oor hierdie belangrike aangeleentheid geskrywe. Hier volg die bywoning sedert die instelling daarvan:

Jaartal	*Blank*	*Nie-blank*	*Totaal*
1948	76	84	160
1949	87	99	186
1950	104	108	212
1951	118	135	253
1952	140	154	294

* * * *

Dit sal studente interesseer om te verneem dat die Raad op aanbeveling van die Senaat besluit het om, by wyse van proefneming, van aanstaande jaar af aan studente wat die vakansieskole bywoon 'n jaarsyfer toe te ken wat sal berus op 'n skriftelike eksamen, gebaseer op ongeveer die helfte van die leerplan in elke vak, en afgeneem tydens die vakansieskool op Pretoria in Julie. By sy ander voordele sal dit studente nou ook verplig om meer voorbereid na die vakansieskool te kom en dus meer voordeel daaruit te haal.

* * * *

Dis vir ons aangenaam om mee te deel dat ons Direkteur, prof. A. J. H. van der Walt, vanjaar tot voorsitter van die Senaat gekies is. Nie alleen is dit 'n eer wat hy as vader van ons inrigting ten volle verdien nie, maar om organisatoriese en ander redes hoort dit natuurlik ook so. Ons wil hom graag van harte gelukwens en die hoop uitspreek dat sy verdere diensjare baie gelukkig en voorspoedig sal wees.

* * * *

Soos miskien algemeen bekend, is daar onlangs 'n kommissie onder voorsitterskap van dr. Holloway aangestel om alle aspekte van ons universiteitswese te ondersoek. Die hoop word gekoester dat hierdeur 'n regmatige verbetering in die salarisse van universiteitsdosente aangebring sal word wat maar bra ongunstig met ander s'n vergelyk. Dit sal help verseker dat die beste dosente nie alleen *verkry* nie maar ook *behou* sal word vir ons universiteite.

* * * *

„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg RA 5X

in other countries. Such an improvement would ensure, not only that lecturers would be more readily obtained for our universities, but also that they would remain.

* * * *

We wish to welcome to the University all new members of staff, academic and administrative, of whom there have been several this year; and to express the hope that their stay with us will be a long and happy one. Those who have left, we thank for all that they have done.

* * * *

To those members of the staff, too, who have, during the year, lost by death people close to them and dear to them, we extend sincere sympathy.

* * * *

Finally, the editors thank most heartily all those, lecturers, students, and others, who, by sending to them contributions and donations, have done so much towards making this issue of "Student" a full and a successful one.

F. D. S.

Graag wil ons al die nuwe lede aan ons inrigting, doserend sowel as administratief, verwelkom en die hoop uitspreek dat hulle lank en gelukkig by ons sal bly. Aan dié wat vertrek het, sê ons: Dankie vir wat u vir ons gedoen het.

* * * *

Met dié van ons personeel en studente wat gedurende die afgelope jaar dierbares verloor het, wil ons graag ons deelneming betuig.

* * * *

Aan diegene wat verlede jaar deurgekom het (vgl. die lys agter), sê ons: veels geluk! Aan almal wat vanjaar skrywe: sukses!

* * * *

'n Hartlike woordjie van dank aan almal, dosente, studente en ander wat vir ons bydraes en donasies gestuur en andersins meegehelp het om die blad saam te stel. Aan ons drukkers sê ons ook: baie dankie!

D. H. C.

Grade- en Promosieplegtighede van die Universiteit van Suid-Afrika.

G. C. KACHELHOFFER

OP 3 Mei 1952 het die Universiteit van Suid-Afrika twee promosieplegtighede gehou wat uniek in die lang geskiedenis van die inrigting is. Daar is naamlik 'n blanke en 'n nie-blanke plegtigheid op dieselfde dag in Pretoria gehou waarop vir die eerste maal al die grade aan die eksterne studente vir 1951 toegeken is. In die verlede moes 'n eksterne student wat 'n graad behaal het naamlik 'n promosieplegtigheid bywoon aan die S.A. Naturellekollege of aan een van die samestellende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika.

Voordat die onlangse twee promosieplegtighede meer breedvoerig bespreek word, is dit nie alleen interessant nie maar ook leersaam om die ontwikkelingsgang van die toekenning van grade aan die Universiteit van Suid-Afrika na te spoor vanaf sy vroegste jare.

Artt. 1 en 2 van Wet No. 12 van 1916 bepaal dat „De naam van de Universiteit zal zijn ‚de Universiteit van Zuid-Afrika' . . . Deze universiteit . . . wordt, behoudens de bepalingen van deze Wet en van andere wetten als de opvolgster erkend van de Universiteit van de Kaap de Goede Hoop". Om die eerste promosieplegtigheid na te spoor, moet dus teruggegaan word na 1874, die jaar nadat laasgenoemde Universiteit tot stand gekom het as gevolg van „The University Incorporation Act (No. 16 of 1873)".

In hierdie wet word bepaal dat „The Council shall have power to confer, after examination, and according to the bylaws and regulations of the University, the several degrees of Bachelor of Arts, Master of Arts, Bachelor of Laws, Doctor of Laws, Bachelor of Medicine, and Doctor of Medicine". Hiervolgens kon die Universiteit dus aanvanklik slegs ses grade toeken teenoor die 50 grade wat tans toegeken word.

Die ou Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop het in 1874 een M.A.-graad toegeken, nl. aan Robert Sheard, en ses B.A.-grade, en wel aan die volgende persone: Johannes A. Joubert, Frederick C. Kolbe, Bernard P. J. Marchand, Marthinus Postma, en Petrus Postma.

Dit is interessant om daarop te let dat aan F. C. Kolbe aldrie die beurse toegeken is, naamlik, „The University Scholarship in Literature", „The University Scholarship in Science", en „The Mrs. Jamison's Scholarship". Die eersgenoemde twee het elk £50 per jaar bedra en laasgenoemde £200 per jaar.

In 1875 is die eerste LL.B.-graad toegeken. Daar was ook 13 B.A.-grade.

In die periode 1873 tot 1917, d.w.s. die periode van die ou Kaapse Universiteit voordat die Universiteit van Suid-Afrika as sy plaasvervanger tot stand gekom het, is altesame 2,051 grade toegeken. Hiervan was 41 eregrade, 9 D.Sc.-, 5 LL.D.-, 70 M.A.-, 5 B.D.-, 164 LL.B.-, 22 B.A. (Hons.)- en die res Baccalaureusgrade.

In die periode vanaf 1918, die stigtingsjaar van die Universiteit van Suid-Afrika, tot 1930 is 2,896 grade toegeken, 2,217 aan studente van die samestellende kolleges en 679 aan eksterne studente. Die verskeidenheid van grade wat toegeken is, het intussen ook toegeneem en in 1930 22 beloop. In die 21 jaar vanaf 1931 tot 1951 is altesaam 11,688 grade toegeken waarvan 3,594 aan eksterne studente. Vanaf 1873 tot 1951 is dus altesaam 16,635 grade toegeken.

Teen die einde van hierdie periode vind daar 'n afname in die aantal graduandi plaas weens die selfstandigwording van die oorblywende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika, en vanjaar is vir die eerste maal slegs aan eksterne studente grade toegeken.

Die toename in die aantal eksterne graduandi is dus van belang vir die Universiteit. Vanaf 1931 tot 1937 is 957 grade aan eksterne graduandi toegeken, vanaf 1938 tot 1947 1,643, terwyl in die laaste 4 jaar alleen reeds 994 toegeken is. Die grafiek van eksterne graduandi vir die periode van 1931 tot 1951 toon skommelings, maar die gedurige styging daarvan is duidelik te bespeur. In 1931 het slegs 117 eksterne studente hulle grade behaal (uitsluitende die S.A. Naturellekollege). In 1939, net voor die uitbreek van die oorlog, vind 'n groot styging plaas maar dit word gevolg deur 'n onmiddellike daling in 1940. Dit is eers in 1947 dat die aantal eksterne graduandi 'n toename toon totdat dit die hoogtepunt van 271 in 1951 bereik.

Dit is egter by die nie-blanke graduandi waar die grootste toename is. In die periode 1918-1930 word slegs 5 nie-blanke name onder die graduandi aangetref. Vanaf 1931-1937 het jaarliks ongeveer tussen 5 en 10 hulle grade voltooi. In 1937 is dit nog slegs 4. Hierna neem die getalle toe sodat 22 nie-blankes in 1938 hul grade voltooi, waarvan 18 aan die S.A. Naturellekollege. Die grafiek van nie-blanke graduandi styg daarna vinnig tot 101 in 1950. In 1951 ressorteer die S.A. Naturellekollege nie meer onder die Universiteit van Suid-Afrika nie, en dit verklaar dan ook die daling van die aantal van 101 in 1950 tot 78 in 1951. In Junie 1949 is aan 'n Indiër-vrou, Davamonie Bhoolasing, die M.A.-graad in die departement Engels toegeken, en in 1951 het 'n ander Indiër, Balideo Bisseru, die M.Sc.-graad in Dierkunde met lof behaal. Dit dan behalwe die ander M.A.-, M.Ed.-, Hons.-grade ens. wat in die periode 1931-1951 aan nie-blankes toegeken is.

Vanaf 1873 tot 1951 is altesaam 101 eregrade toegeken waarvan 41 in die periode 1873-1918 en 60 van 1918 tot 1951. In 1905 en in 1929 is respektiewelik 15 en 5 sodanige grade toegeken met die besoek aan Suid-Afrika van die Britse Vereniging vir die Bevordering van die Natuurwetenskappe. O.m. het die volgende persone reeds eregrade van die Universiteit ontvang: eerw. F. C. Kolbe, genl. Louis Botha, die heer J. X. Merriman, genl. J. C. Smuts, ds. J. D. Kestell, regter F. P. van den Heever, prof. D. F. Malherbe, die heer G. L. P. Moerdyk, Langalibalele Dube.

Op Saterdag, 3 Mei 1952, is twee promosieplegtighede, een vir blankes en een vir nie-blankes, in die Tegniese Kollege te Pretoria gehou. Altesaam is daar 271 grade toegeken. Hiervan was 193 aan blankes en 78 aan nie-blankes. Van die blankes het 46 die graad in praesentia ontvang en van die nie-blankes 40.

Die plegtigheid van die blankes het om 9.45 vm. 'n aanvang geneem met skriflesing en gebed deur eerw. R. B. Mitchell. Die 46 graduandi in praesentia is voorgestel deur die dekane van die betrokke fakulteite. Prof. Barker wat op die verhoog was in sy hoedanigheid as voorsitter van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika, het ook waargeneem as dekaan van die fakulteit Natuurwetenskappe in afwesigheid weens siekte van die dekaan, prof. Du Plessis. Verder was op die verhoog die vise-kanselier, prof. S. P. E. Boshoff, die direkteur van die Eksterne Afdeling, prof. A. J. H. van der Walt, en die registrateur, mnr. L. Murray.

Die volgende grade is toegeken:

Doktorsgrade 4, M.Ed.-grade 1, M.Com. 2, M.Sc. Eng.) 1, M.Sc. 1, M.A. 4, B.Ed. 10, Hons.-B.Econ. 2, Hons.-B.Com. 5, Hons.-B.Sc. 5, Hons.-B.A. (S.W.) 1, Hons.-B.A. 22, B.D. 2, LL.B. 9, B.Econ. 8, B.Com. 25, B.A. (S.W.) 8, B.Sc. 7, B.A. 75, D. Mus. 1.





Die hoogtepunt van die blanke plegtigheid was die toekenning in praesentia van die D.Mus.-graad aan prof. Hartmann en die D.Litt-graad aan die heer William D. Terry. Sy proefskrif is getitel „Semantics and Poetry, 1950". Die toekenning van die D.Mus.-graad het groot belangstelling geniet aangesien 'n doktorsgraad in die Musiek 'n uiters seldsame toekenning by promosieplegtighede in Suid-Afrika is.

Dit was egter die nie-blanke plegtigheid wat 'n groot indruk op die aanwesiges gemaak het. Die plegtigheid het om 10.45 'n aanvang geneem met skriflesing en gebed deur eerw. H. S. Ngubeni, gevolg deur gesamentlike gewyde sang. Dit was veral die sang van die graduandi en die 500 gaste wat verantwoordelik was vir die sukses van die verrigtings. Die plegtigheid is afgesluit deur die sing van die Zulu- en Basoetoevolksliedere, naamlik „Nkosi Sikeleli" en „Morena Bolaka".

Die graduandi is voorgestel deur G. Serakoane. Die volgende grade is toegeken:

M.Sc. 1, B.Ed. 9, Hons.-B.Sc. 1, Hons.-B.A. 1, B.Econ. 1, B.Com. 2, B.A. (S.W.) 3, B.Sc. 3, B.A. 57.

Die hoogtepunt van die plegtigheid was die toekenning met lof van die M.Sc.-graad in Dierkunde aan Balideo Bisseru. Hy het in 1948 die B.Sc.-graad in Dierkunde en Skeikunde met lof behaal, en daarna die Hons.-B.Sc.-graad in die Departement Dierkunde met lof. Aan hom is die Uniebeurs van £300 vir twee jaar toegeken. Sy verhandeling vir die graad was: „The Parasites of the Black Crow" (Heterocorax Capensis Capensis).

Die nie-blanke plegtigheid was veral baie geslaag veral as gevolg van die eie karakter wat dit aangeneem het en die aanwesigheid van honderde vriende en gaste van die graduandi. 'n Mens is veral getref deur die spontane geesdrif van die graduandi en die gaste.

Prof. S. P. E. Boshoff, die vise-kanselier, het as spreker opgetree en die grade by altwee die plegtighede toegeken. Onder andere het hy gesê: „Ek is daarvan oortuig dat Suid-Afrika onder huidige omstandighede behoefte het aan voorsiening vir die opleiding van studente vir wie daar geen ander uitweg is nie. Alhoewel nie die volmaakte oplossing van die vraagstuk nie, bied die Universiteit tog 'n redelike goeie reëling."

Die twee plegtighede was nie ten volle formeel nie en daar is dus nie daarop aangedring dat die graduandi die vereiste akademiese drag moes aanhê nie. Dit was egter opvallend en strek hulle tot eer dat al die nie-blanke graduandi in volle akademiese drag verskyn het. In die toekoms sal dit waarskynlik as vereiste gestel word dat persone wat hul grade in

(Vervolg op bls. 8)

Views of a Shareholder

W. D. TERRY

PEOPLE who know something about the period tell us that in the Middle Ages the word *Universitas* meant almost any kind of society or association, not necessarily a learned body. Thus there was at Genoa in the thirteenth century a camp of prisoners of war which was styled *Universitas carceratorum;* and such a corporate concern as the Worshipful Company of Spectacle-Makers of London could be solemnly addressed in correspondence as *Universitas vestra.* When a body of this sort referred to itself as *Universitas nostra,* it signified no more than "All of us". A university as we know it was but one of a large assortment of mediaeval Guilds, each with its own distinctive dress and colours such as survive to-day in the blue-and-white of the butchers and the red-and-white of the surgeon-barbers. In most of these Guilds there were three ranks or grades of dignity — Apprentice, Journeyman and Master — which live on among us even now and which correspond roughly to the degrees of Bachelor, Master and Doctor in the *Universitas* to which you and I belong.

The point about a mediaeval Guild was that it gave protection and status to its members. That applied quite as much to Learned Societies — such as our universities of to-day — as to cutlers and saddle-makers. The closed-shop principle applied, as it does in many modern trade unions; and without a licence from his university it was not always possible for a mediaeval scholar to find himself a respectable teaching-post, just as a non-union plumber may nowadays find himself squeezed out of his trade, or as an unlicensed practitioner of medicine will find that the Medical Council — a *universitas* with its own interests as well as those of the public at heart — will try to have him nobbled at every turn.

How tight the protection was in the days when England was still merrie is revealed by the fact that a mere Bachelor was prohibited from teaching at all: to this day he is still subject to stringent discipline in Cambridge and may not wear silk; while until quite recently all candidates licensed in Oxford and Cambridge as Masters had solemnly to swear that they would *not* teach in a certain town half-way between the two ancient universities, lest a rival institution spring up there.

Membership of a learned university still confers a certain status in our own time, depending on the reputation of the university concerned. Some, in the eyes of others and of the general public, are little better than glorified High Schools, while in America, where at one time a State charter could be had by anybody for a small fee and the asking, there are degree-granting institutions which will make you (and entirely legally) a Doctor of this or that for £300 and a few weeks' home study. Reputation depends chiefly on the standing of the teaching-body and the performances of the graduates, and ordinarily takes many centuries to build up.

Now there is a feeling abroad that the status now conferred by membership of the University of South Africa is not particularly high and in fact is declining. The "place" has "degenerated" (it is cruelly and stupidly said) into a "mere" correspondence-school. The implication is sometimes even that it has fallen on to a par with some of the shabbier American colleges.

But a University is never a *place,* a collection of buildings (or "plant") on a "campus". It is a Society. It is true that the older Societies grew up in fixed localities, where students gathered around teachers and set up residential institutions. I happen to enjoy the advantage of being a Master in one of the oldest of such, with a life-membership and a vote in the Senate, the right to a number of free meals, and what-not. When I was last there we celebrated our 600th birthday, revelling in old wine and even older history, and were very bucked with ourselves — as we had a right to be. We were a gathering from all the ends of the earth, and our nearness and farness brought home to us very well the point of one of that university's regulations, which insists on residence as one of the qualifications for a degree.

That is all very fine; but such delights and advantages as go with living in community with world-famous men in hoary buildings, and having a tradition behind you as long as your arm — these are accidents, not substance. There is nothing written in the Law or the Prophets which insists that *universitas nostra* must have its being in a hotel. Indeed, it is perhaps significant that one of the finer features of the mediaeval Guilds was the right of the members to carry on their work in their own homes instead of gathering in sweat-shops or the factories of monopolies.

Circumstances have caused *universitas nostra* to organise for the present in a new way; but its past history is still its own, and likewise its future; so is the Royal Charter which says some very explicit things about its — that is, *our* — status. Anybody who talks loosely of "degeneration" into a "mere" something-or-other should be invited to digest the list of University Examiners who will be putting the sickle in among some of us later this year: there are some formidable characters in that gallery. Nor are the pleasures of Residence entirely ruled out — consider, for example, the Heidelberg scheme, referred to elsewhere in this issue, in which (as one concerned in it from the inside) I see the beginnings of a really promising idea.

A Society such as ours is a species of Mutual association. Anything noteworthy achieved by us either corporately or individually, whether by teachers or graduates, raises the status of us all. When a member of the other Society to which I belong was the first in the world to split the atom, I collected (very modestly, of course) an infinitesimally small part of the *kudos.* Similarly, when one of *universitas nostra* splits the difference between CoL (1939) and CoL (1952), I shall expect my share of the glory. And I shall be entitled to it. Without a lot of Me's there

would be no Us, and without Us there would be fewer of Them.* We, in short, are It. And It is *alive*.

As to there being anything "mere" about It, it should be remembered that teaching undergraduates through the post is only a part of Our total activity. At the higher levels there is no difference at all between this University and any other.

* I refer, of course, to You, the intellectual élite.

(Vervolg van bls. 6)

praesentia wil ontvang, verplig sal wees om in akademiese drag te verskyn. Die toga ens. is nie meer onverkrygbaar nie, en sekere firmas maak selfs voorsiening vir die verhuur daarvan teen 'n geringe bedrag.

In die toekoms sal die jaarlikse promosieplegtigheid van die Universiteit van Suid-Afrika seker groot afmetings aanneem. Dit sal veral van belang en geslaag wees indien dit kan plaasvind tydens die vakansieskool wat deur die Eksterne Afdeling gedurende Juliemaand gereël word. Die talle blankes en nie-blankes wat die vakansieskool bywoon sal dan die geleentheid kry om 'n promosieplegtigheid by te woon en dit sal seker tot 'n aansporing dien wat hulle eie studies betref. Die nie-blankes het met die afgelope plegtigheid bewys gelewer van hulle belangstelling, wat veral duidelik blyk uit die talle navrae en aansoeke om bywoning deur oud-studente van die Universiteit. Hulle beskou die plegtigheid byna as 'n sosiale gebeurtenis waar oud-studente, meesal van die S.A. Naturellekollege, mekaar weer kan ontmoet. Of dit altyd moontlik sal wees om sulke groot of nog groter getalle tot die funksie toe te laat, sal afhang van die beskikbaarheid van 'n geskikte saal.

TRANSVALIA-MEUBELS
BEPERK
Transvalia-gebou, Pretoriusstraat 286
Telefoon 3-1691/2/3. PRETORIA. Posbus 748

Vervaardigers en Verskaffers van
MEUBELS VAN HOË GEHALTE

Groot Hoeveelhede
SAGTE MATTE
GORDYNMATERIALE en alle
HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE
altyd voorhande !

ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE

KORRESPONDENSIEKURSUSSE
VIR
BEGINNERS

AFRIKAANS
GRIEKS
LATYN
ZOELOE

Vir Ingeskrewe Studente ... £5/10/–
Vir Ander Studente £7/ 0/0

Skryf dadelik aan —

DIE DIREKTEUR
AFDELING EKSTERNE STUDIE
POSBUS 1513, PRETORIA

CORRESPONDENCE COURSES
FOR
BEGINNERS

AFRIKAANS
GREEK
LATIN
ZULU

For Enrolled Students ... £5/10/0
For Other Students £7/ 0/0

Write immediately to —

THE DIRECTOR,
DIVISION OF EXTERNAL STUDIES
P.O BOX 1513, PRETORIA

DIE MACHIAVELLISME— Historie of Legende

Prof. dr. H. J. DE VLEESCHAUWER

IN Van Dale se Groot Woordenboek van de Nederlandsche Taal lees ons sub verbo *Machiavellisme* die volgende verklaring: „Staatsleer van Machiavelli; (fig.) sluwe, arglistige staatkunde die naar de wetten der moraal volstrekt niet vraagt". In hierdie kort bydrae wil ek nagaan hoe die Weste van die eerste tot die tweede, d.w.s. tot die figuurlike betekenis, oorgestap het.

Die eenvoudige verklaring lê miskien in die *Il Principe* („Die Vors") van die stadsklerk van Florence (1532), waarin ons daardie eerste en onoortroffe leer van die „Staatsräson" in al sy gruwelike naaktheid aantref: die veiligheid van die staat en die vors as opperste doel, die absolute onverskilligheid ten opsigte van die middele om daardie doel te bereik, die verheerliking van Cesare Borgia in sy Italiaanse en van Alexander VI in sy pouslike politiek . . . dit alles staan naak, onverbloemd en onvervals in daardie brevier vir despote te lees.

So eenvoudig mag die aangeleentheid egter nie opgevat word nie. Nogs steeds verkeer die geskiedenis in die grootste onsekerheid omtrent die wese en die bedoelings van die onteenspreeklik groot skrywer en van sy ontstellende boek wat so 'n geweldige invloed op die politieke denke van die laaste vyf eeue uitgeoefen het. Sommiges sien daarin glad nie 'n pleidooi vir so 'n amorele politieke ideaal nie, maar slegs die realistiese beskrywing van die politieke toestande wat in die XVde eeu geheers het. Ander skrywers huldig Machiavelli selfs as die man wat deur middel van sy grimmige tafereel strewe na die onafhanklikheid van sy stad in 'n tyd waarin die deur hom afgeskilderde moraliteit orals aan die orde van die dag was. Demokrate van die XVIIde en die XVIIIde eeu, soos bv. Rousseau en Fichte, beskou hom soms in 'n nog baie eienaardiger lig. Machiavelli sou dan geweet het dat 'n despoot wat sy teorie in die praktyk wou stel onvermydelik ten onder moet gaan, en wou juis deur sy magskode die despote tot hulle eie verderf aanspoor en daardeur die bestendiging van die vryheid van die volk verseker.

Die saak is dus glad nie so eenvoudig nie. In al dié opvattings steek ongetwyfeld 'n greintjie waarheid. „Die Vors" is inderdaad 'n byna volmaakte beliggaming van die Renaissance-gees veral van die XVde eeu, 'n spieël van die werklikheid soos maar min politieke denkers en geskiedskrywers in staat was om dit in al sy guurheid te beskrywe. Die tye van die middeleeuse *Vorstesvieëls* was bepaald verby asook die tye van die vriendelike kommunisme van Thomas Morus se *Utopia* en van die deklamatoriese moralisering van 'n Erasmus. Die moderne state ontstaan in 'n atmosfeer van volkome amoraliteit: „Jenseits das Gute und das Böse". Die titel van Nietzsche se beroemde boek pas onverbeterlik as aanduiding van daardie tyd en van daardie proses. Die staat wat net een kategorie, naamlik die mag, erken, beskou hom inderdaad as verhewe bokant goed en kwaad.

Die skrywer

En dit ontlok aan die groot historicus van daardie tyd, Jakob Burckhardt, die miskien nie volstrek aanvaarbare maar menslik tog verklaarbare stelling: „Die mag is die absolute kwaad."

In so 'n tyd van brutale realisme is daar geen plek meer vir Plato se ondersoek na die „beste" of vir die middeleeuse versugtings na die „christelike" staat nie. 'n Marsilius van Padua het reeds in die laat-Middeleeue die getyeverandering wat besig was om hom aan die gesigseinder af te teken skerp vooruitgesien en beskrywe. Die enkele een wat oor daardie historiese beweging nadink en hom in die geestelike grondslae daarvan verdiep, handhaaf meesal die denkbeeld van 'n dubbele etiek: 'n ander een vir die politieke as vir die individuele mens, vir die publieke as vir die private lewe; die staat en die enkeling kan nie met een en dieselfde sedelike maatstaf gemeet word nie. So 'n wêreld moes inderdaad begrip toon vir die volgende beginselverklaring van Machiavelli: „Die vors moenie die utopie nastrewe om 'n goeie vors te wees nie. Want te midde van 'n wêreld van slegte vorste moet 'n goeie vors onvermydelik ten onder gaan." Uit hierdie oorweging vloei die hele politieke vorsteskool van die Italiaanse meester voort.

Ons bemerk dan ook dat die *Il Principe* van Machiavelli deur die hele XVIde eeu nie met die christelik-etiese maatstawwe waarvolgens ons tans die Machiavellisme beoordeel, gemeet is nie. Inteendeel, dit word gehuldig as 'n groot boek, geprys as die lewenskode van die moderne staat en as die nuwe vorste-ideaal; dit word nagevolg en toegepas deur die beste en die mees representatiewe geeste van die tyd. 'n Guicchiardini verheerlik die Machiavelli-figuur in sy *Ricordi politici*. 'n Paolo Paruto beskrywe die geskiedenis van Venisië as 'n lewende illustrasie van die Machiavellistiese vorste- en staatspedagogiek,

DIE UNIVERSITEIT VIR ALMAL

THE UNIVERSITY FOR ALL

DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

is die enigste UNIVERSITEIT in die land wat eksterne studente oplei

SKRYF NOU IN VIR 1953

Vra om advies en besonderhede van :

Die Direkteur,
Afdeling Eksterne Studie,
Posbus 1513, Pretoria.

THE UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

is the only UNIVERSITY in the country which provides tuition for external students

ENROL NOW FOR 1953

Write for advice and particulars to :

The Director,
Division of External Studies,
P.O. Box 1513, Pretoria.

en in sy *Raggione di Stato* verdedig Boreto openlik die onbevange en onbevooroordeelde realisme van „Die Vors". Albertus Gentilis ontdek in Machiavelli die vryheidsvriend wat die tirannie in skrille kleure en in sy naakte eerlikheid afskilder om dit haatlik te maak. Justus Lipsius probeer om in sy *Politices* 'n deel van die Machiavellisme in 'n sedelik-stoïsynse gewaad te steek. Die Venesiaanse pater Paolo Scarpi word sy openlike apologeet. Die bibliotekaris van Mazarin in Frankryk, Gabriel Naudé, verdedig die Bartholomeusnag in 'n Machiavellistiese atmosfeer, en selfs 'n man soos Descartes word in sy briewe aan prinses Elisabeth tas- en voelbaar deur die forse politieke gestalte van die Florentyn geïmponeer.

Die XVIde eeu is derhalwe 'n ware Machiavelli-eeu. Orals instemming, orals lof, orals nabootsing en toepassing. Van enige verset of van enige protes deur die christelike gewete en die christelike filosofie is niks te bespeur nie. Selfs van Gereformeerde kant, nl. by die twee Protestantse juriste Scioppius en Conring in die eerste jare van die XVIIde eeu, vind ons simpatieke bejeëning van Machiavelli en sy opvatting.

Die opposisie teen Machiavelli doen sy intrede in die laaste dekades van die XVIde eeu en die Protestantisme is feitlik die draer van hierdie opposisie. Die opposisie neem in 1576 sy aanloop met Innocentius Gentillet se *Anti-Machiavel,* opgedra aan die hertog van Alencon wat die aristokratiese en die Hugenote-verwagtings in die bitter dae van verdrukking beliggaam, en regstreeks gerig teen die Franse vorstehuispolitiek in sy geheel en teen die bloedbad van 1572 wat deur daardie politiek geïnspireer is. Dit bring 'n mens diep onder die indruk van die resente gebeurtenisse wat nie so spoedig uit die herinnering gewis kan word nie.

Hierdie pamflet word dan ook die bron en die voorbeeld vir die talryke gelyksoortige werke van die tydgenote. As die Jesuïet Possevïn in 1592, Ribedeneira in sy *Christelike Vors* en die Oratoriaan Bosio in sy *Imperio Virtutis* van 1584 die Katolieke verset teen die Machiavellistiese leer preek, geskied dit hoofsaaklik deur middel van duidelik herkenbare ontlenings aan Gentillet. Die twee mees beroemde politieke traktate uit die range van die Franse Hugenote, naamlik die *Franco-Gallia* van Frans Hotman en veral die *Vindiciae contra Tyrannos* van Hubert Languet, vorm die twee hoogtepunte in die anti-Machiavellistiese beweging, en dit word deur Katolieke tydgenote soos Boucher en veral Mariani nageboots, al geskied dit hier met heeltemal ander bedoelings.

Die Franse Reformasie lei onbetwisbaar die hele versetbeweging, terwyl die Duitse en die Switserse hulle in hierdie verband totaal onbetuig laat. Waarom? Ideëbewegings word steeds uit die struktuur van die tyd en die geskiedenis gebore en aangedrywe. In Duitsland het die Reformasie nie onder die absolutisme van die vorste te ly gehad nie. Daar tree die vorste — ten minste in die Protestantse wêreld — as die wêreldlike beskermhere van die geloofshervorming op. In Frankryk egter word die Hervorming sowel om politieke as om religieuse redes beveg. Die tydperk van Catharina de Medici, van Karel IX en van Hendrik III is die tydperk van die godsdiensoorloë wat van albei kante met bittere en onverbiddelike hartstog gevoer word. Daar verdruk en onderdruk die vorstelike mag die gewete en bots dit onophoudend teen die individuele geloofsoortuiging en geloofsvryheid.

In daardie omstandighede moes die apologie van Machiavelli as 'n bitter hoon in die Protestantse ore klink. Wat die Protestantisme en veral die Protestantse adellike aristokrasie in Frankryk moes verduur, was dit nie 'n treffende illustrasie van wat Machiavelli as politieke rigsnoer aan die Italiaanse potentate voorgehou het nie? Maar tans op 'n groter skaal en op 'n breër plan deurgevoer, nl. in 'n groot en sterk gesentraliseerde land soos Frankryk, waar die tirannie deur geen teëwig in toom gehou kon word nie. Was dit nie die oorplanting van die Italiaanse politieke sedes, die sedes van die Medici, die Borgia, die Sforza, en van nog so baie ander na Frankryk nie?

Onmiddellik word in die literatuur die in die oog springende verband gelê: Catharina is 'n Medici, 'n vreemdelinge, 'n Florentynse, afkomstig dus uit die vaderstad van Machiavelli self. Die helde wat Machiavelli verheerlik is Alexander VI en Cesare Borgia, 'n Spaanse geslag, vanwaar uit Filips II die harde Kontra-Reformasie lei en waaroor Karel V geheers het wat Frankryk so bitter en smadelik te Pavia geslaan het. Hierdie verbinding van die nasionale en die religieuse motiewe het dit vir die Hugenote onmoontlik gemaak om geen regstreekse verband te lê tussen die tirannieke prinseleer van Machiavelli en die heersende toestande waarvan hulle die ooggetuies en die slagoffers was nie.

Die hoogtepunt van die stryd tussen die vors en die Franse Reformasie, gelei en aangevoer deur die adel, is onbetwisbaar die Bartholomeusnag van 1572, wat so menige gelykenis vertoon met die slagting wat Cesare Borgia te Sinigaglia aanrig as hy met trouelose arglistigheid al sy teenstanders met een slag om die lewe bring. Daardie bloedige Paryse nag is die Machiavellisme in aksie en die Machiavellisme van 'n ander Florentynse. Wanneer nou na die eerste oomblikke van konsternasie die Hugenote oor die gebeurde begin nadink, kom die bloedbad hulle nie as 'n gewone politieke insident voor nie, maar as die doelbewuste invoering van 'n nuwe politieke sisteem. Sluheid, arglistigheid, trouloosheid en moorddadige geweld in diens van 'n dinastieke staatsdoel — dit is almal motiewe wat Machiavelli in sy praktiese leidraad vir die Italiaanse tiranne ontwikkel en aanprys.

Voor die Bartholomeusnag is by die Franse politieke dinkers van die XVIde eeu, Katolieke sowel as Gereformeerdes, geen spoor van verset te ontdek teen 'n leer wat hulle maar min of miskien glad nie ken nie. Ná die Bartholomeusnag daarenteen neem die groot opposisiebeweging sy aanloop. „Post hoc, ergo propter hoc"? Daar is egter ander aanduidings dat hier meer as blote gelyktydigheid en koïnsidensie die hand in die spel het en wat bewys dat die Franse bloednag die direkte oorsaak van die verandering is wat hom ten opsigte van die *Il Principe* afspeel. Die Protestantse anti-Machiavellisme klee hom nie in 'n prinsipiële maar in 'n duidelike Frans-historiese en in 'n ewe duidelike Anti-Liga-gewaad in.

Maar die beste bewys vir die rol wat die Bartholomeusnag in daardie opkomende anti-Machiavellistiese beweging speel, is nie die Protestantse houding, ten minste nie in die eerste plek nie, maar wel dié van die teenparty, naamlik van die Roomse Machiavellisme. Die nie-Franse politieke denke van die Kontra-

Reformasie, soos ons dit by Suarez of by Bellarminus kan vind, is volkome Machiavelli-vry. Die staatsleer word daar eenvoudig prinsipieel gehou en prinsipieel gekonstrueer. Maar by die Franse verskyn die politieke atmosfeer van die hoofstad en sy gebeurtenisse voortdurend op die voorgrond.

In 1596 verskyn te Parys 'n sonderlinge boek deur die Franse pastoor Boucher en getiteld: *Oor die regmatige Abdikasie van Hendrik III* (die oorspronklike titel is in Latyn). Een jaar tevore het 'n ander, dié slag anonieme werk onder die titel *Oor die regte Mag in die christelike Staat* (eweneens oorspronklik in Latyn), verskyn wat dieselfde gees as die eerste openbaar. Die eienaardigheid van die eersgenoemde werk bestaan hierin dat dit die Katolieke Liga verdedig met argumente wat blykbaar uit die werke van Hotman en Languet geput is. Nou sien ons in hierdie verdediging hoe dit dikwels verwys na die gewelddade van die Liga. En Gabriel Naudé se *Considérations sur les Coups d 'Etat* neem nog min of meer die openlike verdediging van die Bartholomeusnag op. 'n Bewonderenswaardige staatsgreep, lees ons daarin, wat net een twyfelagtige kant vertoon, naamlik dat dit die vyand nie volledig genoeg opgeruim het nie en om daardie rede 'n nuttelose daad sonder politieke voordeel geword het. Ook die breed om hom heen grypende toleransiebeweging wat onvermydelik die anti-Machiavellistiese kant moes kies en daardie kamp vervroeg, soos dit by 'n L'Hôpital, 'n de la Béotie en 'n Duplessis-Mornay e.a. duidelik word, gryp dikwels en met voorliefde na die Bartholomeusnag terug.

Ondanks die inhumane geestesgesteldheid wat bostaande uitspraak van Naudé openbaar, lê daar tog 'n groot historiese waarheid in opgesluit, naamlik dat die Bartholomeusnag die Machiavellisme in die figuurlike betekenis van die woord geskep het. By die aanvang het ons die vraag gestel: Wanneer doen die Machiavellisme, nie in die sin van die leer van Machiavelli nie, maar wel in die sin van die pejoratief beoordeelde staatspraktyk wat ons tans by voorkeur met daardie term verbind, sy intrede in die geesteswêreld van Europa? Die antwoord lui: Die 24ste Augustus 1572, toe die Liga besluit het om op dieselfde arglistige wyse as Borgia al die hoofde van die Hugenote-adel en -grootburgery in Frankryk op te ruim. Voor hierdie datum staan die XVIde eeu byna sonder wanklank aan die kant van die *Il Principe*. Ná dié dag sien die wêreld die uiterste gevaar in wat 'n deur geen etiek gebreidelde staatsmag in die politieke lewe uitoefen.

Van daardie oomblik af hou die Machiavellisme op om net die leerstelsel van Machiavelli aan te dui en vang dit aan om 'n onafhanklike historiese mag en 'n instrument in die Westerse geestesstryd te word. In die tragiese gebeurtenis van 1572 word 'n leerstelsel 'n konkrete feit en meteen doen 'n nuwe politieke denkbeeld sy intrede in die moderne wêreld. Die apologeet Gentilis en die Gereformeerde protes van Gentillet gee meer as voldoende blyke daarvan dat hulle die oorspronklike teks van die *Il Principe* eenvoudig nie ken nie, en dit geld vir almal wat in hulle voetspore tree. Oor wat Machiavelli feitelik geleer en gesê het, toon niemand hom besorg nie. Die leer word 'n soort legende en 'n legende waar bloed die idees kleur. Die Florentyn wat in ballingskap tot een van die grootste Renaissance-skrywers uitgegroei het, indien nie tot die allergrootste nie, verskyn in die oë van die toekoms as 'n soort Ormudz, as die inspirator en die handlanger van al die kwaad wat die uitoefening van die mag vir die klein man beteken. Selde indien ooit word in die kultuurgeskiedenis die Bartholomeusnag as die geboortestonde van die Machiavellisme aangestip. Dit het blykbaar nie die aandag van die politieke filosofie en die regsgeskiedenis geniet nie. Ook historici wat vir dergelike dinge tog 'n fyner insig moes hê, is nie voldoende bewus van die historiese omstandighede waarin 'n geestesbeweging soos die Machiavellisme ontwikkel het nie. Die historicus Gerhard Ritter het in sy laaste boek *Die Damonie der Macht* waar hierdie dinge juis op hulle plek sou wees, oor die historiese verbande onaandagtig heengestap. Dit bly natuurlik 'n ander vraag in hoever Machiavelli self met daardie Machiavellisme vereenselwig kan word, 'n vraag — ek herhaal dit om af te sluit — waaroor die wetenskap nog lank geen volstrekte eenstemmigheid bereik het nie.

EDUCATION IN SOUTH WEST AFRICA

W. B. MILLER

THE Mandated Territory of South West Africa has virtually become an integral part of the Union of South Africa, and its administration is to a large extent the same as that of one of the four provinces. It is therefore natural that the educational system in vogue in the Territory should be closely allied to those systems which are found in the rest of Southern Africa.

To the majority of the readers of "Student", the educational systems of South Africa are well known, but it might be of interest to them to hear of some of the uncommon, and largely unknown, aspects of education in South West Africa.

The Mandated Territory is a relatively new and undeveloped country and there are certain characteristics which make it unique in South Africa. It is partly semi-arid, and consequently its population is extremely sparse. It is a vast country of one-third of a million square miles and even in a land of large spaces and long distances like South Africa, it ranks as the biggest and the vastest of all the provinces. Add to that the fact that its European population is largely made up of the pioneering type of person, a type that is essential in opening up and developing any new country, and it will be seen that conditions are produced which bring many problems. The solution to such problems must be found in the educational system which is evolved.

To enable all European pupils in S.W.A. to attend school, and yet at the same time to allow of carrying out a policy of centralisation of schools, it has been found necessary to build up a system of running boarding establishments at practically every European school in the Territory. More than half the total European school population resides in these hostels. Such a system has meant that the school-commence-

ment age can not be placed lower than 7 years of age, since it was found impracticable to board infants of 5 and 6 years old without having a highly trained, and hence expensive, staff to look after them.

This high commencement age has not, however, always proved to be a handicap. In certain respects it has actually influenced the progress of scholars very favourably. What the pupils lose in time is more than compensated for by the accelerated progress due to their maturity. On a standard by standard comparison the average pupil in S.W.A. is considerably in advance of the average pupil in the Union, in comparable schools. On an age for age basis the South West pupil is naturally anything from 12 to 18 months behind his Union counterpart, as far as academic learning and scholastic ability are concerned.

Attainment in school is, however, not the only basis on which a comparison should be made. Mental ability and the resultant attainment expectation should always be closely associated. In South Africa, mental ability is invariably tested, on a large scale, by means of the South African Group Test. Because this was set up and standardized over 20 years ago, there are many who consider that this test has outlived its period of usefulness and that it is no longer reliable under present-day conditions. Be that as it may, the S.A.G.T. is nevertheless today still the only test which we have which can be applied under South African conditions. Notwithstanding its deficiencies, it is believed that this Group Test can still give reasonably accurate estimates of pupils' intelligence, provided that certain limitations are always borne in mind.

Under conditions found in Union schools 20 years ago the standardization of the S.A.G.T. was made at the level giving the average pupil an I.Q. of 100. Dr. Pratt-Yule's survey of Rhodesian school-children in 1948 places the average I.Q. at about 10 points higher. In a recent survey of pupils in the North-Western Cape the mean quotient is placed at 107. In a large and representative survey, but only in the primary school, and excluding pupils above Std. IV and in the high schools, the school-children of South West Africa attain an average intelligence quotient of slightly over 103 on the S.A.G.T. scale. An over-all survey would probably place the figure considerably higher.

Judging from these figures, it would appear that the South West school-child approximates very closely to his Union counterpart in mental ability.

The scholars alone do not, however, make up the whole school. Teachers and principals are just as important, and facilities such as convenient and well-planned buildings, teaching aids, and sporting equipment, all play their respective parts in any educational system.

The principal difficulty with regard to teaching staff lies in the fact that the Territory has no Training College or University of its own. Teachers must of necessity be recruited from the Union Provinces, where as a rule, the best teachers have been snapped up by the provincial schools. Teacher training in the provinces also does not take the local conditions applying to S.W.A. into account. The tendency to recruit only the poorly qualified or less able teachers is counteracted to a large extent by means of adjustment of salary scales. The Administration of the Territory realises well that a good article commands a high price and it has consistently kept salary scales for the Territory considerably higher than those in the Union provinces. The result has been very satisfactory and over the years South West Africa has managed to assemble a band of teachers who are, on the whole, highly trained and very able and are probably among the hardest working teachers to be found anywhere.

It has been found, however, that some teachers cannot stand up to the conditions which are found in the Territory. They have to contend with long and wearisome journeys, poor communications, isolation in sparsely populated areas and extremes of climatic conditions. A few of them soon throw in the sponge and depart to more congenial conditions and milder climates. The majority, however, clench their teeth, spit on their hands and succeed in completing an arduous undertaking exceedingly well. To them falls the satisfaction of knowing a hard task well done and they are compensated to a large extent by learning to love a life which has many advantages in its free and untrammelled ways, its near-to-nature character and the fine and lasting friendships which are possible in a country where the whole population is like one large family and everybody knows everybody else.

Like any other new country, South West Africa has had to contend with a continuous shortage of school buildings. The supply has never caught up with the demand and is not likely to do so for a long time. The Administration of the Territory has attempted to do in less than 40 years what has taken the Union 300 years to complete, and its performance has been highly creditable.

Starting off with a few sound and well constructed buildings taken over from the German administration, and making use of any kind of temporary shelter to make up the deficiencies, the Education authorities of S.W.A. have managed to build up as fine a set of educational buildings as could be wished for anywhere. A few of the modern buildings can compare favourably with any to be found in the Union provinces. The task is, however, by no means completed and there are schools and boarding establishments which perforce must still be used which fall far short of the minimum requirements for an educational institution.

It is interesting to see how some of the finest schools in the country have developed from nothing to what they are today. Many of them started as a tent under a camelthorn tree on an undeveloped piece of veld allocated to one of the repatriated Angola farmers in 1928. The teacher lived in a caravan, and the only means of conveyance was the donkeycart or the oxwagon. Today they are housed in modern buildings with all the facilities of civilisation.

The radio and the educational film are being put to increasing use by the schools and practically all European schools are equipped with both. The children of S.W.A. no longer feel themselves isolated from civilisation or far from the rest of the world.

Education in S.W.A. has a big future and educationists in that Territory have a hard, though interesting, task before them.

BY AT

VAN SCHAIK'S

vind studente altyd die BOEKE benodig by hulle studie en ons noem hier slegs 'n paar van ons uitgebreide voorraad :

GESKIEDENIS :

EUROPE IN THE NINETEENTH AND TWENTIETH CENTURIES — A. J. Grant & Harold Temperley **31/6**

A HISTORY OF EUROPE — Henri Pirenne 46/3

LIFE AND WORK IN MEDIEVAL EUROPE — P. Boissonnade ... 35/–

SOCIOLOGY :

THE ELEMENTS OF SOCIAL SCIENCE — R. M. MacIver **12/3**

THE DEVELOPMENT OF SOCIAL THOUGHT—Emery S. Bogardus 41/9

SOCIAL DIAGNOSIS — Mary E. Richmond 37/–

SIELKUNDE :

A FIRST LABORATORY GUIDE IN PSYCHOLOGY — Mary Collins & James Drever 9/6

PSYCHOLOGICAL DEVELOPMENT — Norman L. Munn ... 48/9

CHILD PSYCHOLOGY — Fowler D. Brooks 28/–

EKONOMIE :

INLEIDING TOT DIE EKONOMIE C. G. W. Schumann & D. G. Franzsen 26/–

INTRODUCTION TO ECONOMICS Alex Cairncross 15/9

AN OUTLINE OF MONEY Geoffrey Crowther 19/–

external students can always find their handbooks and stationery for all subjects. The following are a few of the popular titles :

AARDRYKSKUNDE :

PHYSICAL GEOGRAPHY P. Lake 19/–

AN INTRODUCTION TO MAP-WORK AND PRACTICAL GEOGRAPHY — John Bygott ... 18/6

THE EARTH AND MAN—Darrell Haug Davis 51/–

NATIVE ADMINISTRATION

NATIVE ADMINISTRATION IN THE UNION OF SOUTH AFRICA — H. Rogers **15/–**

OUTLINE GRAMMAR OF BANTU Prof. C. M. Doke 6/6

POSGELD EKSTRA

Verdere besonderhede en pryse op aanvraag.

VAN SCHAIK'S

are also the publishers of the well-known reference works such as :

DIE GROOT WOORDEBOEK Kritzinger, Steyn, Schoonees & Cronje 42/–

VERKLARENDE WOORDEBOEK Kritzinger, Labuschagne, P. de V. Pienaar, Rademeyer & Steyn ... 25/–

DUITSE WOORDEBOEK — Steyn, Schulze, Gutsche & Trümpelmann 27/6

FRANSE WOORDEBOEK — Strelen & Gonin 15/–

UITSPRAAKWOORDEBOEK — Le Roux & Pienaar 17/6

SKOOLWOORDEBOEK — Kritzinger & Steyn 12/6

KLEIN WOORDEBOEK—Kritzinger & Steyn 6/–

POSGELD EKSTRA

VAN SCHAIK-BOEKHANDEL

POSBUS 724 KERKSTRAAT - PRETORIA LIBRIGEBOU

Notes on some Maxims of la Rochefoucauld

F. D. SINCLAIR

LA ROCHEFOUCAULD'S small volume of "Maximes" has been known now for close on three centuries as a kind of cynic's manual. A book must, however, have more in it than mere cynical virtuosity, in order to preserve for such a length of time the fame which it won immediately upon its appearance, and the stature which has been accorded to it as literature. This is, in many ways, a strange book and a brilliant one; dangerous perhaps; sensational not at all. It has a glitter and a sophistication which attract *l'homme moyen intellectuel,* and which, because his intellect is no more than average, can harm him. For the majority, since it lacks that quality which the cinema calls human appeal — perhaps best expressed crudely as vulgarity — it has not interest. And yet it is an important work, principally, I think, because of the account it gives of a fine mind, fettered and warped by the circumstances of its environment, yet intensely clear, hard and sharp as a diamond.

* * * *

Those of the Maxims which can be accepted fully as true were doubtless already clichés in the witty court of La Rochefoucauld's day, and are flat and unoriginal now, partly redeemed only by his terse and excellent expression. To read a few is to be stimulated, to attempt to read them all at a sitting is to be oppressed by their aridity, disgusted by their insistent smallness. When one examines closely some of the most striking and audacious, a certain tampering with the truth, a manipulation and a directioning can be detected. And yet they are extraordinarily valuable, indirectly revelatory of so much of importance that usually goes unnoticed. By shocking, they stimulate thought, send it exploring new countries.

* * * *

La constance des sages n'est qu'un art avec lequel ils savent enfermer dans leur coeur leur agitation. (16).

The constancy of wise men is no more than an artifice by which they have learned to keep hidden in their hearts their perturbation.

This is true not only of the wise: perhaps least of all of the truly wise. The idea of consistency — an idea by no means exclusively Christian — by which most people seek to cover up their awareness of confusion, to defeat the scattering tragedy of life, their sense of impermanence, is that of which La Rochefoucauld speaks. And it is in attempting to arrest natural change, to impose on it an artifical permanence, a static condition, that they destroy themselves. They wear themselves out in essaying the impossible. Acceptance of the essential *constans inconstantia,* provided that it is not indulged, that it is not made an excuse for weakness, is the key to living at a truce with life.

* * * *

La galanterie de l'esprit est un tour de l'esprit par lequel il pénètre et concoit les choses les plus flatteuses, c'est a dirè celles qui sont le plus capables de plaire aux autres. (69).

The writer

Politeness is a knack by which the mind fathoms and understands the things that are most flattering: that is, the things most capable of pleasing others.

How thoroughly these maxims show the mind of the courtier. Preoccupation with favour and influence; a coldness that in places makes one doubt that the experience necessary to such thought has really been felt. An almost inhuman penetration, the more frightening because of its apparent detachment, its complete divorce from what it observes and analyses.

* * * *

On ne loue que pour être loué. (153).

One praises only in order to be praised.

Unnecessary to insist on the untruth of this. It is an assertion which by its sweeping lack of qualification betrays, at the same time, the type to which La Rochefoucauld belongs, as courtier no less than as man; and makes suspect the sincerity, the validity, the whole worth of the maxims. To write thus is but to employ all the resources of reason and logic — so frequently, as La Rochefoucauld himself points out, deceptive and false — to justify one's own self-love by way of proving self-love to be the mainspring of human thought and action.

* * * *

What a difference there is between La Rochefoucauld and Norman Douglas, who says many of the same things but gives no impression of what might be called "nastiness", leaves only a pleasantly piquant taste in the reader's mouth. It is perhaps Douglas's essential warmth and humour, his freedom from worldly ambition, that distinguish him from La Rochefoucauld, in whom inhumanity and frigid wit warp even the truth in his expression of it. And yet it is impossible to deny the power of this writing, even if it be Machiavellian in the Jacobean sense of the word — disintegrative and cruel.

* * * *

Chaque homme n'est pas plus différent des autres hommes qu'il l'est souvent de lui-même. (99).

A man is not more different from his fellows than he frequently is from himself.

This might be a sentence of Gide. Except that Gide would have used *I* instead of *chaque homme*, and then would have enlarged upon the second clause. It is such a recognition of lack of consistency in himself, and consequently in others, that gives the great writer his penetration. Dostoievsky, Shakespeare, Stendhal. Hamlet's *Give me that man That is not passion's slave*, is a recognition, at the same time, of the ideal of consistency, and of its impossibility for the complete human being. Horatio is, after all, not free from the slavery of passion, only relatively more free than Hamlet. But in the prince's eyes he appears to be so.

* * * *

Was La Rochefoucauld try'ng to impress others or to convince himself? An element of the perfunctory in the way the Maxims are written does seem to indicate uncomprising sincerity; but may that perfunctoriness not equally well be the outward indication of a didacticism aimed at the self?

* * * *

La coutume que nous avons de nous déguiser aux autres pour acquérir leur estime fait qu'enfin nous déguisons a nous-mêmes. (101).

The habit we have of disguising ourselves for others in order to win their esteem has the ultimate result of making us hide from ourselves what we really are.

The man who can be honest in his living, in his self-expression, is the man who knows himself thoroughly. That is, he who has no illusions about himself can have none about others, and so realises the lack of necessity for posing. Without illusions he is free to live honestly and fully.

* * * *

It seems to me that one of the few respects in which La Rochefoucauld shows himself to be a human being is in his preoccupation with the struggle between the mind and the heart. By the very persistence of that idea's recurrence, even in the most cynical maxims, one is led to suspect that that cynicism is itself part of a deliberate attempt at dehumanisation, at the annihilation of the heart.

* * * *

Notre repentir ne vient point de nos actions mais du dommage qu'elles nous causent. (92).

Our repentance springs, not from our actions, but from the harm that they cause us.

In other words, we are quite incapable of repenting. We can but recoil in fear from the consequences of our conscious acts, and call that recoiling repentance, perhaps even genuinely believing it to be so.

It seems to me that Marlowe's Faustus is an outstanding example of this. His persistence in evil up to the last, is in itself an argument against repentance, which is not by its very nature a sudden thing; and his behaviour in the final scene of the play indicates, as far as I am able to understand it, not repentance, but terror of what is to come, of what he has "let himself in for". His cries to Christ seem less the humble supplication of repentance than shouts of fear and self-pity.

> Ah, half the hour is past! 'twill all be past anon.
> O God,
> If Thou wilt not have mercy on my soul,
> Yet for Christ's sake whose blood hath ransom'd me,
> Impose some end to my incessant pain.

For me, in any case, it is in the sight of this man who had been intellectually fearless reduced to incoherent terror, that the tragedy of "Doctor Faustus" lies; and not in any inability to repent which he may have had. Marlowe's hell, real enough for the gallery, and very sound spectacle, appears, on examination, as the symbol, rather, of the artist's inevitable self-destruction when he tries to become all-knowing, to become a seer. Rimbaud is a real-life example of this Faustean self-destruction which is none the less tragic because it does not accord with Aristotle's definition of the tragic hero. It is, in fact, infinitely more tragic because of the hero's awareness, both of what he is doing and of where his actions will lead; in Rimbaud's case, harrowingly so, because he went to meet his hell without a murmur of self-pity.

* * * *

A reading of these maxims is of inestimable value to one who does not fall victim to their destructive power. For truth can be expressed in such a way as to be infinitely destructive to the mind not sufficiently experienced, sufficiently agile, to comprehend it fully, to be able to appreciate its implications in any one direction.

* * * *

Note: The figures in brackets which follow the quotations in French refer to the numbers of the Maxims in the edition of Gabriel de la Rochefoucauld, Paris, 1927.

DIE KLEUTERSKOOL

Prof. J. C. BOSMAN

DIT is miskien jammer dat die woord „skool" deel vorm van die begrip kleuterskool, omdat 'n mens maklik die indruk kan kry dat daar, net soos in die openbare skool, ook formele onderrig gegee word.

Die oorspronklike betekenis van 'n „skool" is 'n plek waar 'n mens vry, rustig en informeel jou ledige ure deurbring, en hierdie betekenis vorm die aard en wese van 'n kleuterskool; dit kan byna beweer word dat die kleuterskool die enigste opleidingsinrigting is waar dié betekenis nog te vinde is. Ledige ure kan opbouend of afbrekend geslyt word, en omdat die kleuterskool 'n omgewing is waar die liggaam, verstand en emosies 'n natuurlike, gesonde en informele ontwikkeling geniet, sou dit miskien beter wees om die woord kleuterskool te vervang met kleuteropleiding of kleuterontwikkeling. Dit is die vrye, plesierige atmosfeer van die kleuterskool wat dit meebring dat kleuters daar so gelukkig en tevrede is — hul weet eenvoudig niks van formele onderrig af nie!

In verskillende rigtinge toon die moderne beskawing dat hy bewus is van die belangrikheid van die voorskoolse periode, en die kleuterskool is seker een van die mees besliste middels wat gebruik kan word om 'n gesonde, komende burgerskap te baseer op die gesonde ontwikkeling van die voorskoolse kind. Onder deskundige leiding ontwikkel die kind se liggaam, verstand en emosies as 'n eenheid, en omdat kleuterskoolbeginsels hierdie feit erken en in die praktyk toepas, is dit so foutief om te meen dat kleuterskole net van waarde is vir kinders uit ons minder-bevoorregte buurte, of vir kinders wat in ons ongelukkige hedendaagse woonstelle woon. Die kleuterskool se erkenning van die kleuter se plek eerstens as aktiewe lid van 'n gemeenskap bestaande uit kinders van sy eie leeftyd en later as doelmatige lid van die groter gemeenskap word gestaaf deur die moderne sielkunde, veral wat betref die betekenis van ontwikkeling, belangstelling en indiwiduele verskille. 'n Basiese kenmerk van kleuterskole is vryheid, maar daar is hoegenaamd g'n rede vir die kritiek dat hierdie inrigtings vryheid bevorder sonder om selfbeheer in aanmerking te neem nie. G'n gemeenskap kan sonder beheermiddels bestaan nie, en in die kleuterskool is dit die veelsydige, gemeenskaplike ervarings van kleuters wat by hul die bewussyn van erkende gedragsnorme laat ontstaan; die volwassene laat haar geld alleen as sekere handelinge vir die kind of vir sy gemeenskap nadelig kan wees.

'n Kleuterskool is nie iets wat binne in die mure van 'n gebou plaasvind nie. Dis 'n plek waar kleuters tussen die ouderdom van 2—6 jaar 'n paar uur per dag leef en waar hul in 'n gelukkige omgewing, onder die toesig van 'n opgeleide persoon, saam speel, eet en slaap. Hierdie soort van inrigting is vir *alle* kinders en vir *alle* ouers belangrik en wel om die volgende redes.

In eerste instansie bevorder dit die gesondheid van die kind met 'n daaglikse program waarvolgens hy gesond en gelukkig kan lewe. So 'n program wek wel sy belangstelling op, maar dit is so ingerig dat dit hom nie te veel prikkel of uitput nie. Hy is gedurig



Die skrywer

onder mediese toesig — in die môre kyk die onderwyseres na hom en eenmaal per kwartaal ondersoek die dokter en tandarts hom deeglik. Verder leer hy gesonde liggaamlike en toiletgewoontes aan en word so selfstandig in sy optrede. Sy middagete sorg vir 'n gebalanseerde dieet wat hy, sonder die dwang van 'n volwassene, prettig saam met sy maats geniet, en ná die ete het hy die geleentheid om op sy eie voubedjie of mat stil te rus of te slaap.

In die tweede plek het hy baie geleentheid om te speel. Speelapparaat voorsien in sy behoeftes en sluit onder meer in klimapparaat, planke en blokke, driewiele en waentjies, sand, water en klei. Die groot verskeidenheid hiervan prikkel hom om te eksperimenteer en om skeppingswerk te doen. Prenteboeke, stories en musiek is daar vir sy genot en sy nuuskierigheid vir lewende dinge word deur diere en plante bevredig.

Dan ook leer die kleuter die groot waarde van kameraadskap ken. Hy het alle fasiliteite om met kinders van voorskoolse ouderdom saam te speel; hy leer om speelgoed met hul te deel of om sy beurt af te wag, en tog leer hy ook om sy man te staan waar dit nodig is. Hy leef in 'n kinderwêreld en hy beleef die bevrediging om 'n aktiewe lid van 'n groep te wees. Hy is ook in aanraking met 'n vriendelike, aanmoedigende onderwyseres wat sy probleme verstaan en wat sy behoeftes kan aanvul. Hierdie aktiewe kameraadskap vergemaklik die oorgang van die enge gesinskring na die wyere samelewing, en omdat hy leer om met mense om te gaan, het hy g'n vrees as hy later na die openbare skool moet verhuis nie.

En waar die kind bogenoemde waardes in die kleuterskool vind, bevat dit ook sekere baie belangrike waardes vir elke ouer. Die moeder weet beslis dat

haar kind elke dag 'n paar uur lank in 'n kinderwêreld verkeer waarin hy gelukkig en veilig is en waarin hy geleidelik meer onafhanklik word. Sy weet dat 'n opgeleide kleuterskool-personeel bevoegd en gewillig is om probleme met haar te bespreek wat in die natuurlike ontwikkeling van elke kind verskyn en op dié manier kry sy hulp met die oplossing van probleme van gedrag, eet, toilet ens. waarvan baie van verbygaande aard is. Sy kry ook die kans om op ouer-onderwysersvergaderinge verskillende aspekte van kinderontwikkeling met ander ouers te bespreek. Sy het die bevrediging dat haar kind onder die toesig van die kleuterskooldokter is wat nie so seer na siektes soek nie as wat hy die gesondheid van die kind oppas, en veral het sy die gerusstellende versekering dat die kleuterskool die natuurlike uitbreiding van die ouerhuis is. Ouers wat hierdie betekenis van kleuterskole geleer het, *weet* dat die veralgemeende kritiek as sou die kleuterskool die plek van die huis en so van die moeder wil inneem, *hoegenaamd* g'n geldigheid dra nie. Die sprankelende geluk wat uit die oë van hul kinders straal, sowel as die veelsydige belangstellinge waarmee die kleingoed na huis kom, is vir hul oortuigende bewys van hoedat die kleuterskool die huis probeer aanvul.

As 'n kind dan nou g'n formele onderrig in die kleuterskool ontvang nie, wat leer hy dan eintlik daar?

Hy leer om 'n aktiewe lid van 'n groep te word, om sy speelmateriaal met ander kinders te deel en om vrye uiting aan sy indiwidualiteit te gee. Hy leer baie van die wêreld in 'n omgewing wat sy nuuskierigheid prikkel en wat hom in staat stel om sy skeppingsdrang te bevredig. Hy het geleentheid om na hartelus te hardloop, te spring en te klim, almal met apparaat wat spesiaal gemaak is om sy liggaam te ontwikkel. Die veelvuldige, aangename pligte by die dek en die afdek van die eettafel gee hom kennis van die waarde van diensvaardigheid en soiets as kosgiere vergeet hy baie gou. Hy leer om manmoedig te word en om sy humeur te bedwing en 'n hele reeks van goeie gewoontes maak hom selfstandig en onafhanklik — almal dinge wat nie uit formele skoolwerk kom nie, maar almal dinge wat belangrik is vir sy vorming as 'n gesonde en gelukkige kind. Die kleuter het die reg om onbesorgd en gelukkig te ontwikkel en die kleuterskool skep vir hom 'n omgewing waar dit in werklikheid kan geskied.



The new University buildings under construc tion/Die nuwe Universiteitsgebou in aanbou.

(Photo/Foto: Martin Gibbs)

INDONESIË

A. SORGDRAGER, B.Com., A.I.C.B.(S.A.)

INDONESIË, geleë tussen Australië en Asië, is 'n groot eilanderyk met meer as 1,000 groter en kleiner eilande. Die vier grootstes, Borneo, Sumatra, Java en Selebes, word ook genoem die vier groot Soenda-eilande. Dan is daar nog die kleiner Soenda-eilande soos o.a. Bali en Lombok, verder die Molukkegroep en die Banda-eilande. Apart staan die grootste eiland ter wêreld, nl. Nieu-Guinea, waarvan die helfte bestuur word deur die Nederlanders en die ander helfte deur die Australiërs. Voor 1914 is die eiland in besit gehou deur drie moondhede, nl. Duitsland, Groot-Brittanje en Nederland. Die Duitsers het ook die Bismarck-argipel gehad in daardie gebied. Met die vrede van Versailles is die gebied onder mandaat van Australië geplaas. Die eiland is maar 'n deel van die Australiese vasteland wat ook verder bewys word deur die ondiepe see wat Nieu-Guinea van Australië skei. Die ander eilande van die Indiese argipel val meer onder dié van Asië. Dit kan ook as 'n verlenging van Malakka beskou word. 'n Verdere eienaardigheid dien opgemerk te word nl. dat op Madagaskar, Ceylon en die Banda-eilande dieselfde soorte voëls, plante en grondstowwe voorkom.

Die hoofstad van Indonesië is Batavia, wat tans Djakarta heet, geleë op die eiland Java. Ander groot stede op die eiland is Bandoeng, Soerabaja, Magelang en Djokjakarta. Batavia is gestig deur Jan Pieterszoon Coen.

Die stad lê nou nie meer aan die see nie maar deur versanding en aanslik van die grond omtrent 'n halwe myl van die kus af. Die nuwe hawe van Batavia is Tandjoeng Priok wat oor al die moderne hawegeriewe beskik. 'n Snel elektriese treindiens verbind hierdie hawe met Batavia. So geleidelik deur die eeue het Batavia gegroei tot 'n groot moderne stad, waar behalwe die moderne gedeeltes, ook baie ou dele is. Dit het dan ook die bestuur- en die handelsentrum van die Indiese argipel geword.

Bestuur en regspraak.

Op 18 Mei 1918 het die Volksraad in die Indiese argipel tot stand gekom. Al die verskillende bevolkingsdele moes daarin verteenwoordiging kry, wat 'n baie moeilike taak was. In 1927 is aan die Volksraad groter uitvoerende magte toegeken. In 1925 is Java in drie provinsies verdeel, elk weer onderverdeel in 70 regentskappe. Elke regent is uit die inheemse bevolking gekies en is bygestaan deur die regentskapsraad, ook uit die inheemse bevolking verkies. In 1928 is Java verdeel in 5 geweste, elk onder 'n goewerneur; elke gewes is weer onderverdeel in 'n aantal „residentiën". In 1931 is hierdie aantal residentskappe in elk van die provinsies teruggebring na 17. Die goewerneur het die leiding in die provinsiale bestuur en daarnaas hou hy ook toesig oor die handelinge van die regentskappe en munisipaliteite in die provinsie. Die posisie van die resident is ook baie interessant. In die strengste sin van die woord hou hy toesig oor die regent en die regenskapsbestuur in sy residensie. Hierdie taak deel hy dus met die goewerneur, wat bygestaan word deur die kollege van gedeputeerdes.

Ouderwetse silwer-sirih-pinang-skaal uit Garoet, Wes-Java.

Die regspraak in hierdie gebied is uitermate moeilik as daaraan gedink word dat die bevolking bestaan uit blankes, Sjinese, Arabiere, Javane, Atjeërs, Boeginese, Ambonese ens. ens., 'n grote verskeidenheid van rasse. Die Oosterse primitiewe reg staan teenoor die ingevoerde hoog-kapitalisme van die Weste. Daar is dus twee soorte regspraak, die inheemse en dié van die blanke regering. By die inheemse regspraak word die sg. adatreg toegepas volgens die gewoonte van die streek. Dit bring mee dat Java, behalwe die gebiede rondom Solokarta en Djokjakarta, onder die goewermentsregspraak val terwyl die res van die Indiese argipel onder die inheemse regspraak staan.

Kuns en Kultuur.

Multatuli was die eerste persoon wat die oë van Nederland laat oopgaan het vir hierdie land. Wie ken nie die tragiese storie van Saidjah en Adinda nie? Later was daar Augusta de Wit met „Orpheus in de dess". Van die inheemse skrywers en digters kan Noto Soeroto genoem word. In navolging van Tagora het hy sonnette gedig. As skryfster kan nog Soewarish Djojopoespito vermeld word. Dis die eerste geluid. Miskien kom daar nog baie meer. Die gemiddelde Nederlander het na die Ooste gegaan om geld te

Atjèse vroue.

maak en hom gevolglik nie baie om die kuns bekommer nie. In noue verband met die kuns en kultuur staan die godsdiens. Waar die Christendom en die Islam nog nie gekom het nie, is daar nog die Balinese godsdiens, die Papoea-religie en die ou Hindoe-godsdiens. Die magies-religieuse of volksreligie, die aanbidding van bonatuurlike kragte, kom veral tot uiting in die landbou. Die mees bekende produk is rys. Hierdie rys word van Indo-Sjina tot by Nieu-Guinea op dieselfde wyse geoes. Lank voor die geboorte van Christus is dit geoes deur 'n spesiale rysmessie. Hierdie tipe messie word vandag nog gebruik. Dit is 'n ou pre-Hindoese oorlewering. Hierdie mes sny die rysare een vir een, 'n baie langsame proses. Die rede is dat die bevolking glo die ryskorrel het 'n siel waarin die lewenskrag sit, en die persoon wat die rys moet oes, moet nie alleen die korrel nie maar ook die siel na die rysskure bring. Dié gebruik druk 'n duidelike stempel op die samelewing af, en daar word dan ook baie groot aandag bestee aan die saai en die oes. Hoewel hierdie metode van rys oes baie onekonomies is, kon die kapitalisme van die Westerse beskawing dit nog nie verdryf nie. Daar mag ook nie op die rysveld geskree word nie, die rysmes mag ook nie van die veld gedra word nie en dit moet ook heeltemal in die hand gedra word, anders kan dit die ryssiel wegja. Solank die veld nog nie klaar geoes is nie mag die mes nie na die huis genéem word nie, omdat die siel die rysveld, dus die rys, kan verlaat. Ook kan die ryssiel versterk word deur aan die rysmes bamboes vas te maak. Die volkspriester sien streng toe dat hierdie gebruike uitgevoer word.

Vir die bou van 'n huis sal nie die hout van omgevalle bome gebruik word nie, aangesien die lewe van die inwoners dan nie lank sal wees nie. Ook in die ornamentiek heers daar die magies-religieuse motiewe en daarom is by baie van die inheemse huise verskillende uitgekapte of houtsneekoppe van diere en vreemde menslike voorstellinge te sien. Op Bali is hierdie kuns ingeweef met die Rooms-Katolieke kerklike kuns. By die Protestantisme of by die Mohammedaanse kuns is daar minder geleentheid voor vanweë hulle streng opvattinge. Die baie ryk ornamentiek van Bali wat met die erediens samehang, spreek van religieuse belewing.

Die kultuur het met die koms van die blankes agteruitgegaan. Dis bv. opmerklik dat die maak van gebatikte doeke en houtsnywerk in die afgelope 25 jaar feitlik uitgesterf het. Dit was noodsaaklik om 'n skool te Solo te open om hierdie ou kultuur nie te laat verdwyn nie. Die inheemse kuns staan in die meeste gevalle regstreeks in verband met „heidense" instellinge en om daardie rede kon die sending dit nie aanmoedig nie. Daar is geprobeer om hierdie kuns in ooreenstemming met die Christendom te bring en daarin is baie dikwels goed geslaag. So is bv. op Bali die nagmaalstoneel deur 'n bekeerde uit klip gekap.

Verkeer.

Een van die grootste gebreke vir die ekonomiese vooruitgang was nog altyd die gebrek aan vervoer. Reeds vanouds was daar 'n verkeer van inboorlinge tussen al die eilande. Met die koms van die V.O.C. is dit verbied. Deur die opening van die Suezkanaal in 1869 is die argipel ook vir kleiner skepe toeganklik gemaak. Vanaf 1880 is die seilvaart deur die stoomboot vervang in die argipel. Hierdie twee faktore het daartoe gelei dat die straat van Malakka nou in 'n gunstiger posisie as Batavia was, aangesien dit nie

meer nodig was om rekening met die wind te hou nie. Dit het dan ook die handel van Batavia na Singapore verplaas. In 1890 is dus besluit om 'n beter hawe aan Batavia te gee en Tandjoeng Priok is toe aangelê, die Emmahawe vir Padang en 'n beter hawe te Belawan Deli. Die kwessie was egter nog steeds hoe om die handel van Singapore af weg te trek. In 1890 is dus deur die heer Ten Noort 'n organisasieplan voorgelê waarvolgens besluit is om Singapore in die netwerk van lyne van die Koninklijke Paketvaart Maatschappij (K.P.M.) op te neem. Deur uitstekende organisasie en deur vaste gereelde dienste is daarin geslaag om die Oosterse mededinging te keer en die ongereelde Britse dienste die hoof te bied. Die K.P.M. het sedert 1912 ook gereelde snel passasiersbote in diens wat met die modernste geriewe ingerig en baie populêr is.

Die bou van paaie is in 1808 deur Daendels ter hand geneem. Tydens die Britse bewind is dit uitgebrei. Maar die ontelbare riviere het die werk baie bemoeilik. Die spoorlyn van Bandoeng na Batavia, 'n rit wat drie uur met die trein duur, gaan oor byna 16 groot spoorwegbrugge en ontelbare kleiner bruggies, 'n baie duur werk. Dis ook die geval met die paaie; hulle moet oor ontelbare brugge en diepe klowe aangelê word. In 1900 was daar reeds 20,000 myl harde pos- en landweë, met 250 boogbrugge en ruim 10,000 kleinere brugge en 1,500 kleinere boogbrugge. In 1938 was daar 9,000 myl teerpaaie, 14,000 myl harde paaie en 4,000 myl ander paaie.

Die bou van die spoorweë was ook 'n langdurige proses. In 1863 is deur die destydse Goewerneur-Generaal, Van der Beele, 'n partikuliere spoorlyn in Midde-Java toegestaan. In 1873 kom die lyn Batavia-Buitenzorg tot stand en ook die lyn Semarang-Djokja, ruim 200 myl lank. Eindelik het die staat ook besluit om self spoorweë aan te lê, en so het in 1879 die spoorlyn tussen Soerabaja en Pasoeroean met 'n sylyn na Malang tot stand gekom. Dit het groot sukses gehad maar was 'n smalspoor, terwyl dié van die partikuliere maatskappy 'n breë spoor was; dit het groot moeilikheid opgelewer aangesien goedere herhaaldelik oorgelaai moes word. Later is 'n ooreenkoms tussen die staatspoorweë en die partikuliere maatskappy gesluit en het een spoorwydte, nl. 'n smalspoor, tot stand gekom. Daarna het die ontwikkeling baie toegeneem. In 1938 was daar 'n totaal van 5,000 myl spoorlyn op Java, gesamentlik deur die staat en private maatskappye gebou. Ook op die ander eilande, soos Sumatra en Selebes, is daar spoor- en tremlyne aangelê. Op Sumatra is daar drie verskillende spoorbreedtes. Oor die algemeen verkeer alle spoorlyne in die Indiese argipel in 'n uitstekende toestand en vorm 'n skitterende bewys van die energie en die organisasietalent van die Nederlandse nasie.

Die lugverkeer is sedert 1928 baie uitgebrei. In daardie jaar het die partikuliere lugvaartmaatskappy, die K.N.I.L.M., tot stand gekom. In 1938 was al die vernaamste eilande met mekaar verbind en is daar dienste op Australië ingestel, en nog steeds brei die lugdiens hom uit.

Poedjon-pas, Java.